



CULTURE
Page 5

IN MEMORIAM
Grey groet
Mnr. Tewie
Wessels
Bladsy 2



GREY'T DINGE
Biblioteek
slaan nuwe
blaadje om
Bladsy 8



GREY'T STUFF
Tourism Page 7

Grey Kollege Sekondêr Bloemfontein | Grey College Secondary Bloemfontein | www.greycollegesecundary.com
E-mail: stabilis.greycollege@gmail.com | Facebook: @stabilis.greycollege | Instagram: stabilis_greycollege
JAARGANG | VOLUME 60 NO 1 Julie | July 2026



STABILIS

Ses dekades van Grey-nuus

Die transformasie van die Stabilis-skoolkoerant



1976: Maart-uitgawe



1976: September-uitgawe



1986: Mei-uitgawe



1996: Maart-uitgawe



1996: Junie-uitgawe



2016: 50-jaargededenkblad



2016 Maart-uitgawe



2016 Junie-uitgawe



2016 Desember-uitgawe

BRILL MURRAY

The more things change, the more they stay the same.

Baie dinge het die afgelope 60 jaar in Suid-Afrika en die wêreld verander. Die Berlynse Muur het geval, apartheid is beëindig en

tegnologie het die manier waarop ons leef, werk en leer, ingrypend verander.

By Grey Kollege het die leerdertal van ongeveer 800 seuns tot meer as 1 200 gegroei. Die eerste swart seun is toegelaat, onderwysers en skoolhoofde

het gekom en gegaan, en derduisende leerders het onder die Ou Klok deurgeloop om die grootmensewêreld te betree.

Ten spyte van al hierdie veranderinge het een ding egter standvastig gebly: Grey Kollege en die Grey-seun. Wanneer 'n

mens deur die Stabilis-koerante van die afgelope 60 jaar blaai, word dit duidelik dat Grey, en alles waarvoor die skool staan, behoue gebly het. Sestig jaar se Grey-nuus getuig daarvan dat Grey steeds *Stabilis* is – standvastig en stewig, ongeag die veranderinge wat die

tyd meegebring het.

Die *Stabilis* dien ook as bewys dat Grey veel meer as net 'n sportskool is. Dit is 'n plek waar denkers en dromers, akademiese en kunstenaars saam gevorm word – 'n skool waar uitnemendheid in al sy vorme gekoester word.



GAP INFRASTRUCTURE CORPORATION
Changing Lives

PROUD SUPPORTER
OF GREY COLLEGE

Auld Lang Syne, Meneer



JOSHUA DEVENISH

Die nuwe jaar het tragies vir die Grey-gemeenskap begin met die afsterwe van een van ons geliefde onderwysers.

Mnr. Tewie Wessels, gerespekteerde oud-Grey en jarelange onderwyser aan Grey Kollege, is vroeg in Januarie tragies in 'n motorongeluk oorlede. Sy vrou, Natasja, is ook ernstig beseer. Mnr. Wessels het amper 15 jaar Grey Kollege as Ekonomie-onderwyser gedien en was wyd bewonderd vir sy toewyding, klasleierskap en innemende en vriendelike persoonlikheid.

Hy was nie net 'n opvoeder nie, maar ook hoof van krieket, waar hy 'n groot invloed op baie jong krieketspelers gehad het. Hy was ook die bestuurder van die eerste hokkiespan en sy passie vir sport en sy vermoë om dissipline en spanwerk te onderrig, het hom 'n geliefde figuur in die skoolgemeenskap gemaak.

Buiten die klaskamer was mnr. Tewie 'n toegewyde atleet wat die grense van liggaam en gees getoets het. Hy het verskeie kere aan die Ironman-deelgeneem, 'n getuie van sy sterk wilskrag en liefde vir uitdaging. Sy lewensfilosofie van dissipline, volharding en eenvoud het ook in sy liefde vir plaaslewe tot uitdrukking gekom. Hy het die rustigheid van die landbesteding en die verbintenis aan die aarde opreg waardeur.

Mnr. Tewie Wessels se twee seuns, A.D. en Ray, het albei aan Grey Kollege gematrikuleer, wat sy diepgewortelde band met die instelling verder beklemtoon het. Hy was nie net 'n onderwyser nie, maar ook 'n pa wat dieselfde waardes aan sy eie kinders oorgedra het. Mnr. Tewie was self 'n oud-Grey en het in 1984 gematrikuleer.

In sy matriekjaar was mnr. Tewie 'n inwoner van Leith-huis. Akademies het hy goed presteer en het die standaard 10-merietelys gehaal. Hy was ook 'n kringleier vir die CSV en 'n kadetoffisier.

Sy ontydige heengaan het 'n leemte gelaat by kollegas, leerlinge, vriende en familie. Die Grey-gemeenskap herdenk hom as 'n man van integriteit, sterk geloof in opvoeding en 'n onwrikbare toewyding aan sy passies. Sy nalatenskap sal voortleef in die lewens wat hy gemaak het.

Mnr. Tewie word gemis as 'n ware legende en Grey-'Gentleman'.

Nuwe toevoegings op kampus: klein veranderinge lei tot groot verbetering

Opgraderings blaas nuwe lewe in ou strukture

JP BOTHA

Oor die afgelope paar maande het Grey verskeie nuwe toevoegings en geriewe ontvang.

Een van die eerste dinge wat leerders en besoekers reeds opmerk, is die groot geel fotoraam tussen die hoofgebou en die Eeufeessaal. Die raam, met die skoolwapen boaan, dui die presiese koördinate van die skool aan en dien as 'n fotopunt vir besoekers en leerders wat hul Grey-ervaring wil vasvang – perfek vir herinneringe en sosiale media.

Hoewel die doel van die installasie ondermeer was om ook laerskoolleerders die geleentheid te gee om daár foto's te neem, het die besluit om dit voor 'n leë grasperk op te rig, gemengde reaksie ontlok. Sommige leerders voel dat die grasperk skuins voor die hoofgebou ideaal sou wees. Ten spyte van verskillende menings bly dit 'n gewilde en opvallende toevoeging tot die kampus.

Nog 'n noemenswaardige verbetering is die herorganisering van die kennisgewingborde reg langs die biblioteek. Die projek is deur mev. Dorianne Martins bestuur. Aangesien die vorige uitleg verouderd voorgekom het, het sy besluit om dit netjieser en meer gestruktureerd te herorganiseer.

Elke aktiwiteit het nou 'n eie afdeling met duidelike etikettering en 'n netjiese naamplaatjie, met ruimte wat volgens behoefte toegeken is. Rugby het te danke aan die baie spanne die grootste spasie ontvang, maar ander aktiwiteite is steeds regverdig verteenwoordig.



Die goudgeel fotoraam pronk sedert 2026 tussen die museum en die hoofgebou. Foto: Verskaf

Afrigters kan die borde gebruik om spanne en aankondigings op datum te hou. Verskeie personeellede, onder andere me. Lize van der Merwe, het reeds bygedra tot die versiering en verbetering van die borde. Die opgradering skep nie net 'n netjiese indruk vir besoekers nie, maar beklemtoon ook dat Grey veel meer as 'n rugbyskool is. Al word inligting deesdae hoofsaaklik digitaal versprei, bly die kennisgewingborde 'n waardevolle en sigbare kommunikasiekanaal.

Voor die astro en die gimnasium is 'n nuwe KNOX Hydrate-waterfilterstelsel geïnstalleer wat yskoue, gefiltreerde water aan leerders en sportspanne voorsien. Hierdie toevoeging sal hopelik bydra tot beter hidrasie en sodoende ook sportprestasie positief beïnvloed.

Die bou van die nuwe Landbou-tegnologie-klaskompleks, wat die verkeer tussen die S-blok en G-blok sal vergemaklik, goed op dreef. Die boonste verdieping sal uit vier

teorieklaskamers bestaan, terwyl die onderste vlak as 'n tegniese werkswinkel ingerig word. Volgens mnr. Christof Vosloo behoort personeel in die derde kwartaal in die nuwe fasiliteite te kan intrek.

Die Grey Armour-winkel is ook volkome opgeknep, en stem nou ooreen met die ontwerp en styl van die Tuckshop. Reg langsaaan kan jy gerus 'n warm cappuccino en vars broodrolletjie of pastei by die nuwe College Brew-koffiewinkel gaan aanskaf.

Juffrou Rothmann groet

JACOBUS VAN PLETZEN

Juffrou Rothmann het nie net Rekeningkunde en Besigheidstudies aangebied nie; sy het haarself op talle ander terreine vir die skool beskikbaar gestel. Sy was betrokke by tennis, het gereeld ondersteuning aan die rugby-spanne gebied en selfs vlae vir die vyfde tot agtste rugbyspanne gemaak.

Sy het ouerkomitees help saamtrek, personeelfunksies en spyseniering gereël en die verkoop van skoolfoto's bestuur. Haar liefde vir blomme was welbekend, en sy was jaarliks verantwoordelik vir die pragtige blommerangskikings tydens die prysuitdeling.

Grey se naam en waardes het vir haar baie beteken. Sy het voortdurend klem gelê op die klein dinge wat van 'n leerder 'n ware Grey Gentleman maak. Haar ondersteuning van Grey se sportspanne was ongeëwenaard, en daar was selde 'n eerstespan-rugbywedstryd waar sy nie langs die veld te sien was nie.

Vir haar leerders was sy veel meer as net 'n onderwyseres — vir baie was sy 'n tweede ma. Haar omgee het verder gestrek as die klaskamer; sy het selfs rice crispy-koekies gebak om haar leerders voor eksamens sterkte toe te wens.

In die klaskamer was haar doel altyd om Rekeningkunde toeganklik en aange-naam te maak. Sy het haar leerders eerste gestel en voortdurend daarna gestreef om elkeen te help om sy volle potensiaal te bereik. Mev. Rothmann woon tans in die Kaap, naby haar seuns, waar sy die volgende hoofstuk van haar lewe gaan geniet.

Tydens haar afskeid het mev. Lettie van Wyk haar met 'n immergroen eikeboom vergelyk—'n gepaste beeld van iemand wat, ongeag die seisoen, altyd 'n glimlag op haar gesig gehad het en 'n bron van krag en standvastigheid vir ander was.

Stabilis wens haar voorspoed en geluk toe met haar aftrede. Haar bydrae tot Grey, haar liefde vir haar leerders is 'n nalatenskap wat nog lank onthou en gekoester sal word.

Me. Marlanda Rothmann
Foto: Verskaf

Lina, Lunghepi en Ellen - soos kollegas hulle ken. Foto: Verskaf

CLASSE LAAS

Drie Grey-personeellede wat vir die seuns geen vreemdelinge is nie, is toevallig ook drie van die mense wat die skool al die langste dien. Mnr. Lunghepi Ntantiso, die skool se bode, is die man wat elke oggend die toesigroosters by die onderskeie klasse aanbring. Sy hande staan vir niks verkeerd nie, en hy hanteer ook die skool se pos en die aflewering van dokumentasie.

Me. Lina Mokoena is die kombuisbestuurder wat daaglik sorg dat die personeel vars koffie en tee geniet. Mnr. Corné van Rooyen het die kombuis tereg as haar

spasie gedoop en selfs 'n plakker teen die deur aangebring met die woorde: "Lina se kombuis."

Me. Ellen Sieberts is die afrolkamerbestuurder, asook administratiewe assistent. Dit is sy wat al die vraestelle en toetse by die skool afrol.

Mnr. Ntantiso is reeds 30 jaar by Grey werksaam, terwyl me. Mokoena al 25 jaar en me. Sieberts 24 jaar deel van die skoolgemeenskap is.

Hulle is geliefd onder die personeel en doen elkeen hul werk met oorgawe en onderskeiding. Stabilis salueer hierdie drie besondere personeellede.

A fresh cut sends a strong message to peers

Prefects of 2026 embrace a neat look in support of school standards

JOEL MOLAPO

Earlier this year, the prefect body took a bold step to reinforce the school's code of conduct and strengthen unity by cutting their hair as a team.

The project came about after growing pressure from outside trends and social media influences led some boys to test the boundaries of the school's hair policy. While many learners still feel that their modern hairstyles look acceptable, their hair is often longer than what school regulations allow. The prefects decided to lead by example and show that doing the right thing starts with them. The experience also served as a team-building exercise for the prefect body.

Learners reacted differently, with many joining in and cutting their own hair. Staff members and parents responded very positively to both the project and the message behind it.

According to Mr Herman Naudé, head of the prefects, the challenge was introduced because he believed it would send the right message to the school. While not everyone was immediately comfortable with the idea of cutting their hair really short, doing it together removed any sense of embarrassment. The aim was not simply to cut hair, but to motivate and inspire the school to maintain a neat appearance and uphold the standards expected of Grey gentlemen.

Although some prefects were



The 2026 prefects showing off their shorter, neater hairstyles.

Photo: Anru Kroukamp

hesitant at first, they understood the purpose behind the initiative. They encouraged one another throughout the process, eventually leading to Mr Naudé himself getting his hair cut.

The message was clear: looking as neat as possible while wearing a Grey blazer is essential. Mr Naudé explained that the project highlighted an important aspect of leadership: you always have a

choice between serving yourself or serving your community. Thus, every prefect had the choice to cut their hair or not, yet all of them chose to participate. He emphasised that the project was never about forcing

anyone to cut their hair as short as possible, but rather about doing the right thing and setting the standard for others to follow.

Mr Naudé hopes the initiative will become a tradition.

Nuwe vriendelike gesigte op die stoep

JOSHUA POTGIETER

Saam met die tweede kwartaal het vars energie na die klaskamers gekom, met drie bekwame onderwysers wat by die personeel aangesluit het. Stabilis is bevoorreg om hierdie bekwame individue aan die Grey-gemeenskap voor te stel.

Mnr. Ian Joubert sluit by Grey aan as IGO- en Tegnologie-departementshoof. Die voormalige

Noordheuwel-onderwyser help ook met die afrigting van die eerste rugbyspan. Mnr. Joubert het 'n besondere passie vir die ontwikkeling van skoolseuns en glo dat hy meer as net akademiese kennis kan oordra — hy wil jong mans toerus om hardwerkende en verantwoordelike lede van die samelewing te word. Hy beskou dit 'n voorreg om deel te word van een van die land se voorste skole en sien

daarna uit om 'n bydrae tot Grey se voortgesette groei te lewer.

Nog 'n waardevolle toevoeging tot die personeel is mnr. Etién Linde, wat verantwoordelik sal wees vir EBW en Ekonomie. Hy was voorheen verbonde aan Hoërskool Carletonville in Gauteng. Benewens sy akademiese rol, is hy ook betrokke by die afrigting van o.15-tennis sowel as die Crocs en Camels. Mnr. Linde heg waarde aan die bou van sterk verhoudings met kollegas en leerders, en hy noem dat Grey se kultuur en waardes hom onmiddellik beïndruk het. Hy sien uit om deel te word van hierdie kultuurryke omgewing.

Ons verwelkom ook die kundige mev. Keren van Eeden, wat Rekeningkunde en EBW sal aanbied. Die voormalige Oranje-onderwyser bring waardevolle ervaring na Grey en is ook betrokke by muurbal en hokkie-afrigting. Sy hoop om leerders te motiveer om elk hul bydrae tot die skool te lewer. Sy glo dat integriteit 'n kernwaarde van Grey Kollege is en beklemtoon die belangrikheid daarvan dat elke leerder dit uitleef. Sy beskryf Grey as 'n plek met 'n besondere "misterie" — iets onbeskryflike wat jy eerder moet ervaar as verduidelik. Sy is getroud met 'n oud-Grey en sien daarna uit om deel te wees van iets groter as haarself.

Stabilis wens hierdie nuwe personeellede voorspoed toe met hierdie nuwe hoofstuk in hul loopbane. Grey Kollege se krag lê nie net in sy tradisies en geskiedenis nie, maar ook in die mense wat daardie waardes daagliks uitleef.

Grey se verhitte swembad onthul



Die swembadseil beperk hitteverlies.

Foto: Anru Kroukamp

SCHABORT DE JAGER

Wat tydens die grendeltydperk as 'n droom begin het, het in 2026 'n werklikheid geword toe Grey Kollege sy nuwe swembad-verhittingstelsel amptelik in gebruik geneem het. Die laaste fase van die projek is in Maart 2026 voltooi, waarna swimmers en waterpolospelers die verhitte swembad vanaf die begin van die tweede kwartaal kon benut.

Vier moderne hittepompe, wat hoofsaaklik deur sonpanele op die dak van die swempaviljoen aangedryf word, is by die swembad se hidrouliese stelsel geïntegreer en verhit die water tot 'n gerieflike 28 °C. Swembadseile is ook geïnstalleer om hitteverlies te beperk wanneer die swembad nie gebruik word nie.

Volgens mev. Lize van der Merwe, swemhoof, verleng die verhitte swembad die watersportseisoen aansienlik en maak dit van swem en waterpolo 'n volwaardige somer- en wintersport. Dit verbeter ook voorbereiding vir die kompetisie seisoen.

'n Verdere voordeel is dat Grey nie meer van Kovsies se verhitte swembad afhanklik is vir interskole, swemgalas en waterpolotoernooie nie, wat byeënkomstige meer doeltreffend maak en skoolgees bevorder.

Die projek is gedryf deur mnr. Doors Kruger en moontlik gemaak danksy die Jock Meiring Trust onder leiding van mnr. Philip Piek Snr. Nou hoef Grey se watersportatlete nie meer tande te kap wanneer hulle op koue dae die water aandurf nie.



Me. Van Eeden en mnr. Joubert en Linde.

Foto: Brill Murray

In Memory of Mr Clifford

The Grey College community was deeply saddened by the passing of Mr Clifford Seekane. After courageously battling cancer, he peacefully succumbed to the illness on a windy day in April.

Mr Seekane joined the teaching staff in 2018. However, his teaching career began much earlier, in 1987. For more than three decades, he stood before countless learners as a dedicated and experienced educator, shaping not only young minds but also strong character. Through changing times, different generations, and many challenges, he remained steadfast in his calling.

Those who had the privilege of working alongside Mr Seekane will remember him as a humble, kind, and compassionate man. He carried himself with quiet dignity and treated everyone with respect. He never sought praise or recognition, yet his influence was evident in the lives of the many learners and colleagues he touched. His humility made him approachable, his kindness earned him the respect of all who knew him, and his wisdom left a lasting impression.

As a teacher of History, Tourism, and Sesotho, Mr Seekane was known for maintaining high standards. He was firm but fair, believing that discipline, accountability, and excellence were essential qualities in both education and life. He understood that teaching was about far more than helping learners pass examinations—it was about preparing young people to become responsible adults.

Presenting yourself with proper pride and posture

Hands out, heads high and shoulders back



"Please take your hands out of your pockets..."

CHRISTOPH BRÖNN

"Please take your hands out of your pockets." Daily. Hourly. Every minute and every second. Teachers feel as if they repeat this request a thousand times a day—*ad nauseam*. This becomes especially irritating in the cold winter months.

But why are they so insistent about it? At first glance, walking or standing with hands in pockets may seem like a small, harmless habit.

However, in a school environment, especially one that values discipline, respect, and presence, body language plays an important role in how learners are perceived and how they carry themselves.

One of the main reasons school boys are discouraged from keeping their hands in their pockets is that it often reflects poor posture and a lack of alertness. A learner who stands upright, with hands free at their sides, naturally appears

more attentive, confident, and ready to engage. In contrast, hands in pockets can give the impression of laziness, disengagement, or a lack of respect for the environment and people around them.

Schools aim to develop young men who carry themselves with pride and responsibility. Standing properly is a simple but powerful way of showing maturity and discipline and small habits shape character.

Photo: Supplied

A new exit pass system improves accountability

EWAN MALAN

In a strategic move to optimise the classroom environment, Grey College has successfully introduced a new exit pass system this year. The initiative has already shown remarkable results in improving campus discipline and fostering a stronger focus on learning.

"The main reason we started using exit passes is to have better control over learners moving in and out of classrooms," school administrators explained. Under the new system, students must wear a designated lanyard displaying their teacher's name whenever they leave the classroom to use the bathroom or run an errand. This visual system allows other teachers to instantly verify that learners have permission to be out of class, helping to keep the hallways clear and quiet during academic hours.

The impact on student accountability has been immediate and measurable. Recent school data reveals that class-bunking demerits have decreased by 50% since the system was introduced. With fewer students wandering around the school grounds, the temptation to skip lessons has been significantly reduced, keeping learners where they belong—focused in the classroom.

While the initial rollout has been highly successful, staff members emphasise that the work is not yet complete. For the system to maintain its effectiveness, exit passes must be used consistently across all grades and departments over the long term.

VARS UIT DIE KOLLEGE-'OOND'...

Kombuisbestuur kry nuwe gesigte

BRILL MURRAY

Hamilton Hall, die koshuis se kombuis en eetsaal, word vanjaar ook deur nuwe, vriendelike gesigte gekenmerk.

Mnr. Leon Bester en sy vrou, Marijka, beskik saam oor dekades se ervaring in die kosbedryf. Hulle kom oorspronklik van die Kaap, waar tannie Marijka haar praktiese opleiding onder oom Leon by Cattle Baron voltooi het. Oom Leon het tydens sy loopbaan in die gevangenisdiens verskeie kursusse voltooi om onder meer as sjef en kelner te kwalifiseer, en het boonop die hoogste punte behaal.

Hy is wyd bekend vir sy besondere vernuf met vleis en die vermoë om, soos baie dit stel, "met vleis te toor". Vir vier jaar was hy betrokke by verskeie funksies van oudpresident F.W. de Klerk. Daarna het hy sjefs by Cattle Baron se hoofkantoor opgelei, waarna hy en tannie Marijka gehelp het om 'n restaurant in Mosselbaai op die been te bring, waar hulle sewe jaar lank werkzaam was.

Later het hulle by LongHorn aangesluit – 'n restaurant wat ses opeenvolgende jare deur Bloemfontein Courant as die stad se beste restaurant aangewys is.

Meer onlangs was hulle

verantwoordelik vir die spyseniering by Be Human op die plaas Middelwater. Van daar is hulle vir 'n onderhoud by Grey genooi en uit baie aansoeke as die nuwe bestuur van Hamilton Hall aangestel.




Hamilton Hall is in goeie hande.
Foto: Anru Kroukamp

Die seuns het hulle as vriendelike en plat-op-die-aarde mense leer ken. Oor die spyskaart is daar geen rede tot klage – seuns en personeel eet soos konings en Sondagmiddagetes was nog nooit so lekker nie. Die Besters het kreatiewe geregte na die tafel

gebring, daar is selfs lamsribbetjies en spitskaap voorgesit. Hulle luister graag na die seuns se versoeke, en hul jarelange ervaring stel hulle nie net in staat om uitsonderlike maaltye voor te berei nie, maar ook om die kombuisbegroting verantwoordelik te bestuur in uitdagende ekonomiese tye.

Die Besters spreek hul opregte dank uit teenoor die skoolhoof, mnr. en mev. Van den Berg, asook die koshuispersoneel, vir die hartlike wyse waarop hulle by Grey ontvang is. Die seuns se goeie maniere het hulle beïndruk, en dit beteken baie vir hulle dat die skoolbestuur en beheerliggaam hul vertroue in hulle stel. Hulle werk lekker saam met oom Nelis en die kombuispersoneel. Die omgee en ondersteuning – veral toe oom Leon gehospitaliseer is en operasies aan sy voet moes ondergaan – sal hulle altyd bybly.

Danksy die warmte en samehorigheid van die Vrystaters het hulle geen begeerte om na die Kaap terug te keer nie. Inteendeel, hulle beskou hulself nou as trotse Cheetah- én Grey-ondersteuners. Oom Leon het selfs 'n dapper belofte gemaak: indien Grey vanjaar vir Paul Roos in Stellenbosch klop, wag daar 'n behoorlike feesmaal op die koshuiseuns!



MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

**24-UUR
NOODSENTRUM
0800 051 051**



**EMERGENCY MEDICAL CARE
ER24
084 124**



Standing ovation for Grey Culture

Music department celebrates its continuous success



Francois Cilliers takes centre stage at last year's Music Festival.

Photo: Brill Murray

XENIOS SAVVAS

Our learners have consistently excelled in a wide variety of cultural disciplines and activities, representing the school with skill, diligence, and pride.

January saw Kitso Moreeng selected to represent Grey College at the Pforte Chamber Orchestra Plus Concert Series in Feldkirch, Austria. Kitso spent ten days rehearsing and performing in three concerts, featuring works by Vilma von Webenau and Wolfgang

Amadeus Mozart, as well as a tribute to Miriam Makeba.

Francois Cilliers won the String Section (Violin) at the annual Musicon Competition for Young Musicians 2025 in the final round on 4 February.

What makes this achievement extra special is that Mrs Abri van Nieuwenhuizen won this same trophy in 1991, and had the honour of serving as adjudicator alongside Dana Cilliers and Richard Reid this year.

The Boereorkes wowed

audiences with two performances at the Rouxville Boeredag. The group was coached by their new mentor, John Smit.

Outstanding results were also achieved in the ATKV Digitoneel competition. Theuns Pieters and Zane van Lingen each received Gold Awards in every category they entered. Andries Strauss and Devin Serfontein also achieved impressive results, showcasing exceptional imagination, creativity, and hard work.

Many of our learners excelled

at the annual Con Spirito Eisteddfod. The Stabilis Choir received marks of 92%, 96%, and 94% in their respective categories, while Indomitatus earned an outstanding 96% for choir. The Junior Marimbas achieved excellent marks of 95% and 94%.

Individual achievements included Joel Molapo, who received 93% for violin, and Thabo Makara, who earned 92% for tenor saxophone. In drama, Theuns Pieters achieved an outstanding 96%, while Andries Strauss and Devin Serfontein each received 95%.

Die vele talente van Samson Lackay

AIDAN HATTINGH

Elke leerder by Grey Kollege beskik oor sy eie unieke talente. Sommige blink op die sportveld uit, ander in die klaskamer, en nog ander op die kultuurverhoog. Dit is egter skaars om iemand te vind wat op al drie hierdie terreine presteer.

As losskakel vir die Cherries,

het Samson Lackay hom reeds as 'n waardevolle speler bewys. Sy toewyding, werksetiek en konsekwente spelpeil het hom ook die geleentheid besorg om speeltyd vir Grey se eerstespan te kry – 'n prestasie waarop enige Grey-rugbyspeler hoop, maar wat min slaag om te bereik.

Een van die hoogtepunte van

sy seisoen het op 14 Maart 2026 in Grey se wedstryd teen Oakdale plaasgevind. Met die eindfluitjie oomblikke weg, het Samson 'n perfekte oorsteekskop gelewer. Sy spanmaat, Lamla Mgedezi, het die bal uit die lug gepluk en die laaste drie van die wedstryd gaan druk. Dit was die ideale afronding van 'n dominante vertoning deur Grey Kollege en 'n oomblik wat nog lank onthou sal word.

Hoewel rugby 'n groot deel van sy program uitmaak, strek Samson se talente veel verder as die sportveld. Wanneer hy nie oefen of speel nie, bring hy graag tyd agter die klavier deur. Hy het reeds Graad 7 in klavier voltooi – 'n mylpaal wat buitengewone dissipline, deursettingsvermoë en ontelbare ure se oefening verg. Dan behaal hy 84% vir sy vakmusiek ook.

Wat Samson dus besonders maak, is sy vermoë om sport en kultuur suksesvol met sy akademiese verpligtinge te balanseer aangesien hy bo 70% vir feitlik al sy vakke behaal. Daarom is hy 'n inspirasie vir sy skoolmaats en 'n waardige ambassadeur van die skool.



Samson Lackay speel boonop vir die Cherries ook. Foto: Verskaf

CALENDAR

21 JULY

School Opens

23 JULY

Grey't Bash Auction

25 JULY

G4c Soccer Tournament

30 JULY

Fraserburg Logan Toneelfees

1 AUGUST

Grey High Inter (Home)

6 – 9 AUGUST

Guschkie Hockey Tournament

6 - 9 AUGUST

Football (Curro, St Stithian's & St David's)

7 - 8 AUGUST

Rugby - Outeniqua (home)

10 AUGUST

Public Holiday

14 – 15 AUGUST

Paul Roos Interschools (Stellenbosch)

10 - 15 AUGUST

ATKV-Tienertoneel

20 – 22 AUGUST

Music Festival

28 AUGUST

Grey't Bash

HOW TO IMPROVE OFFICE EFFICIENCY IN 2026

Small changes today. Big results tomorrow. Work smarter with the right technology and support.



1. AUTOMATE DAILY TASKS
Reduce manual work with smart office solutions and workflows.



2. OPTIMISE YOUR PRINTING
Cut costs and improve productivity with managed print services.



3. UPGRADE YOUR COMMUNICATION
Reliable voice and connectivity solutions keep your team efficient and connected.



4. MOVE TO SMART IT SOLUTIONS
Cloud, IT support, and secure systems help your business run smoother.



5. GET EXPERT SUPPORT
Focus on your business while we manage your technology.

BOOK A FREE OFFICE ASSESSMENT TODAY!



051 445 2440 | info@itec-bloem.co.za | www.itecfreestate.co.za | 14 CP Hoogenhout St. Langenhoven Park, BFN





In die middel van die reis

JOSHUA DEVENISH

Op hierdie punt van die skooljaar bereik ons 'n besondere mylpaal — die spreekwoordelike middel van die reis. Dit is 'n kosbare tyd vir nadenke: die begin lê reeds agter ons, terwyl die eindstreep al hoe duideliker in sig kom.


Hoewel die huidige rugbyseisoen meer uitdagend was, het Grey se tradisionele skoolgees geensins gekwyn nie. Intendeel, die geesdrif op kampus is sterker as ooit. Hierdie bruisende energie was onlangs duidelik sigbaar toe die seuns die vloer van Hamilton Hall behoorlik laat dreun het terwyl hulle hul entoesiasme op die maat van die musiek uitgeleef het.

Vanjaar is egter ook gekenmerk deur tye van diepe hartseer. Die afsterwe van mnr. Tewie Wessels in Januarie, kort daarna gevolg deur die verlies van mnr. Clifford Seekane, het 'n groot leemte in die Grey-gemeenskap gelaat. Daarbenewens neem ons vanjaar ook afskeid van juffrou Rothmann, wat haar welverdiende aftrede aanvaar. Elkeen van hierdie toegewyde opvoeders het 'n onuitwisbare bydrae tot die skool gelewer, en hul nalatenskap sal nog lank voortleef.

Die leerlingraad lewer vanjaar tasbare bewyse van voorbeeldige leierskap en dissipline. As 'n sigbare teken van hul bereidwilligheid om eerste op te offer, het die prefekte hul hare laat afskeer. Hierdie inisiatief beklemtoon nie net hul loyaliteit aan Grey nie, maar dien ook as 'n inspirerende voorbeeld van eenheid, kameraadskap en diensbare leierskap.

Vanjaar vier die skoolkoerant boonop 'n besondere mylpaal: ses dekades van nuus, herinneringe, skoolgebeure en selfs die ligter oomblikke wat elke uitgawe kleur gee.

Hierdie middelpunt van die jaar bied 'n ideale geleentheid om terug te kyk op 'n uitdagende, maar merkwaardige eerste helfte waarin tradisies, kameraadskap en deursettingsvermoë steeds die grondslag van ons skool vorm. Mag die tweede helfte van die jaar vir elke lid van die Grey-gemeenskap nuwe moed, vars energie en volgehoue toewyding bring.



GRAFIKA: Brill Murray

Ses dekades van Grey't drukwerk

JOSHUA DEVENISH

'n Koerant word deesdae afgemaak as verouderde media wat jou ouma en oupa besig hou. Tog het Grey Kollege se Stablis oor die afgelope 60 jaar bewys dat 'n skoolkoerant veel meer is as net 'n vel papier.

Vanjaar vier hierdie ikoniese publikasie sy 60ste bestaansjaar — 'n mylpaal wat die ryk geskiedenis

en blywende stem van generasies leerders vasvang en verewig.

Oor ses dekades het die Stablis ontwikkel van swart-en-wit drukkuns tot 'n moderne elektroniese platform. Harde kopieë word egter steeds gedruk vir dié wat dit verkies. Onder leiding van mnr. Naudé en mev. Jordaan, huidige Stablis-hoofde, het die bekendstelling van Pulse (die

korter, kitsnuusuitgawe) verseker dat die koerant se invloed tussen hoofuitgawes voortleef.

Die Stablis is 'n argief van tradisie en kameraadskap. Of dit sportverslae is wat die spanning op die veld vasvang, of kulturele hoogtepunte wat Grey-seuns se kreatiewe talent uitlig, die koerant dien as 'n stem vir elke generasie se bydrae tot die skool se verhaal.

Div: Konsekwentheid lei tot sukses

Selfdissipline vorm deel van hierdie atleet se wenresepte



Gunsteling:

Gunstelingkos:

Gebraaide Skaaptjoppie

Gunstelingfliek?

Mision Impossible - The Final Reckoning

Sportheld?

Wayde van Niekerk

Onderwyser?

Meneer Herman

Gunstelingvak?

Fisiese Wetenskap

Vakansieplek?

Hartenbos



De Villiers Lamprecht glo konsekwentheid lei tot sukses.

prefek.

Watter uitdagings ervaar jy om 'n balans tussen akademie en buitemuurse aktiwiteite te handhaaf? Dit is soms moeilik om my energievlakke en motivering hoog te hou. Ná 'n lang skooldag en strawwe oefening moet 'n mens steeds fokus op akademie en ander verantwoordelikhede. Dit verg selfdissipline en deursettings-

vermoë.

Wie is jou rolmodel, en waarom? My oupa is my grootste rolmodel. Hy het my geleer dat nederigheid die belangrikste eienskap van 'n ware sportman is.

Watter aspek van Grey staan vir jou die meeste uit? Die Grey Guts-gesindheid. Dit is die oortuiging dat dit nooit te laat is om terug te veg nie. Maak nie saak hoe

ver jy agter is nie – met die regte ingesteldheid is 'n terugkeer altyd moontlik.

Watter raad het jy vir jonger Grey-seuns?

"Consistency is key." As jy sukses wil behaal, moet jy konsekvent bly werk, selfs wanneer jy moeg raak. Gebruik ander se twyfel as motivering om hulle verkeerd te bewys.

Foto: Brill Murray

REDAKSIE 2026

KERNREDAKSIE

Hoofredakteur

Joshua Devenish

Subredakteur: Nuus

Frederick Rademan

Jano Venter

Subredakteur: Sport

Emile Aucamp, Ruan Roux

Subredakteur: Diepte, GD

De Villiers Lamprecht

Bismarck J.v. Rensburg

Subredakteur: Joernaal

Molemo Kheta

Subredakteur: Kultuur

Aidan Hattingh

Hooffotograaf

Anru Kroukamp

NUUSREDAKSIE

Jacobus van Pletzen

Schabot de Jager

J.P. Botha Joshua Potgieter

Joel Molapo Ewan Malan

Andries Strauss Mynhardt Herold

SPORTREDAKSIE

Werner du Plessis

Schalk van der Merwe

Christiaan J.v. Rensburg

Niel du Randt Johandré Smal

Hannes Peyper

DIEPTEREDAKSIE / GREY'T DINGE

Lance Swart

Christopher Savvas

KULTUURREDAKSIE

Classe Laas

Xenios Savvas

Ole Moshou

JOERNAALREDAKSIE

Christoph Bronn

Ronan Viljoen AD Roux

FOTOGRAWA & MEDIA

Brill Murray

Feifan Li

Connor Joubert – video-joernalis

Leham v.d. Walt – redigeerder



Stabilis

GREY COLLEGE NEWSPAPER

GREY-KOLLEGE KOERANT



July 2026: Special Edition

Stabilis: 1st Decade

1976

SOCCER ON THE BALL



(In Front) D. Williams, (1st Row) D. Bryer, D. Swart, W. Smith (captain), A. Julius, A. Nelson (2nd Row) N. Tsangarakis, N. Spiropoulos, B. Cantor, M. McDiarmid, C. Buitendag, C. Sampson, K. Dauth, R. Lunt

The enthusiasm and determination that the soccer teams displayed during the first half of the season was even more prevalent this term. Despite the trying conditions under which the teams practised as well as the poor support received from the Grey boys at their matches the players never threw in the towel once. This endurance

must be one of the main reasons for the remarkable success they achieved this term.

FIRST TEAM

This year's team must surely be one of the most successful (and youngest) to date. (The youngest member of the team, N. Spiropoulos is a mere fifteen years

old). Wharton Smith, the captain, together with Dr Seagull (to whom we offer our heartfelt thanks and congratulations), have done a fine job in bringing the team up to such a peak and keeping it there by their determined coaching. The fact that a team of boys could be conquerors of such experienced of such experienced men's teams as

Brebnarians, Ramblers and CBC Old Boys is evidence enough of the great dedication of the players.

The term started off well when Dan Bryer scored the first goal of the second half of the season and the First team beat Ramblers 1 – 0. Brebnarian also had to be content with losing – this time the score was 6 – 2.

Koshuis Nuusflitse

'n Stil kwartaal – ons "leer" baie. Muis het weereens gesorg dat hy in die koerant kom. Nadat hy 15 meisies gebel het, het hy uiteindelik een van 'n tweeling se hart gesteel. Na die dans het hy ewe nederig kom vra of hy nog iets moet doen om in die koerant te kom ... Asseblief tog nie.

'n Rekord bywoning vir die "ball" van Brill-huis se kant af. Net 3 ouens se meisies het "siek" geword vir die dans, d.w.s van Vrydagmiddag tot Saterdagmiddag. Sommige van die meisies is Saterdagmiddag op 'n ander persoon se partytjie gesien.

Die weermag speel 'n baie belangrike rol in Grintz se lewe. Die vier beste dinge in sy lewe is, sy kadet hemp, sy khaki broek sy "USA Army" T-shirt en daai militêre "boots". Dit is net jammer dat Generaal van der Merwe vir weerman (Roof) Muller studie aanbeveel het. Manie en Danie geniet nog hulle Sondag-"Silence" op die gras. Manie sê die gras het 12mm Sondag gegroei.

Hoe hartroerend was dit tog nie toe ene mnr. Herman Rudd se ysterperd besluit om die gees te gee – en dit nogal by Oranje. 'n Onaangename gebeurtenis het hierdie einste meneer te beurt geval – hy het ook geval.

1976

Wie dra die skool?

Op Grey was dit nog altyd verpligtend gewees om aan ten minste een somer- en wintersport deel te neem.

Herhaalde kere het Mnr Cronjé dié punt by die seuns tuisgebring, en hy het met behulp van die spreekwoord, "All work and no play makes Jack a dull boy" sy beroep op die seuns gestaaf.

Uit die naastenby 800 leerlinge in die Hoërskool, is daar ongeveer 'n honderd leerlinge wat nie aan 'n winter- of somersport of albei deelneem nie.

As die persone wat hiervan skuldig is die verskoning sou gebruik dat hulle leerwerk al hul vrye tyd in beslag neem, kan ek nie anders as om my kop te skud nie. "A busy man always finds time to do something else." Die bewering is al oor en oor bewys deur verskeie Professore aan

universiteite oor die wêreld.

As die sg. arbeidsame leerlinge dan net in hulle skoolwerk presteer sou dit 'n beter en 'n meer aanvaarbare verskoning gewees het.

"Ek is nie lus vir enige strawwe oefening vandag nie. Kom ons gaan kyk of daar iets interessants in die stad aangaan vandag". – Dit is die uitgangspunt van baie seuns. Hulle wil eerder op die straat gaan lê en doen wat hulle nie moet doen nie.

Wie weet hoeveel talente onder die persone is. Erens is daar tog 'n sportsoort waarby hulle sal inpas.

Wanneer ek van leerlinge praat wat nie aan sport deelneem nie, sluit ek nie diegene wat weens een of ander rede nie mag sport doen, in nie. Ek meen, party van hulle sou graag wou sport doen.

Ridiculous hair rules for the sake of neatness


Dear editor,

As a pupil of Grey College, I have the right to ask a few questions about the hair issue. School uniform is worn for a reason. School uniform makes one part of Grey College. Rules are made for the protection of the individual. It is obviously clear that there is a good reason for the above, but I challenge any other correspondent of Stabilis to offer one good reason why our hair must be cut according to ridiculous rules, except for the sake of neatness. It has been said that the rule is there for discipline, but does this rule then give the capacity for self-discipline? No, I'm afraid not. Does longer, neat hair make you a worse individual? Does longer hair affect your schoolwork or your sport? Does longer hair make you less proud of Grey College? I believe that a stronger unity between the teachers and boys will be achieved if this issue is dropped. The we will


be able to take Grey much further without wasting time on the home front with irrelevant disputes. What you give you will get back. The boys' reason for wanting a new rule is because they think their appearance is enhanced.

Do you mind the being neat and looking the way they want to look? "Hairless".

You seem to forget about the small minority that would misuse such a concession. – Ed.



Imagine Mario Vieira (school captain 2016) with 1970's disco hairstyle in his Grey blazer. – AI generated



Leith-huis is hartklop van Grey



Thomas Leith-huis voordat dit in Maart 1987 gesloop is.

Alhoewel Helgard (Muller) geen Oud-Leith inwoner is nie, (Jaco is wel!) het mnr. Volsteedt hom aan ons voorgehou as iemand wat hy graag in sy koshuis wou gehad het. Beide Jaco en Helgard was twee helder banier wat 'n ontsaglike bydrae tot Grey se goeie naam gemaak het.

Die afgelope kwartaal was ongelukkig ook soms minder aangenaam vir party. Jassie het sy sleutelbeen in 'n oefening gebreek. Hy moes vir 'n groot deel van die kwartaal en die hele Julie-vakansie die ongemak verduur. 'n Paar

dosyn tone, voete, enkels en arms was ook snoesig in gips gewikkel.

Leith blyk 'n hele paar onderskatte manne in sy midde te hê. James van Z10 is beslis een van bogenoendes! Sy pragtige spiesgooi aksie het die spies egter in die deur laat beland. Sy vaardigheid is egter onderstreep deur 'n gat, so groot soos 'n gholfbal, in die deur. Terloops, die spies was eintlik vir Nico Steyn bedoel.

Die einde van die Tweede Kwartaal het darem geen verdere ernstige "hardkloppings" voorsien

nie en is daar hard gepomp deur die akademiese deel van die Leithhart. Dis net jammer Kosie het Leith in die steek gelaat.

Leith-huis – Kollege se sg. Hartklop. Foute by die skool word in Leith se appèl-saal uitgestryk. 'n Hartklop of twee is egter oorgeslaan gedurende hierdie tweede kwartaal.

Een bloedklont was Woestyn-Kameel en Toring se "Sondag uitstappie". Beide dorstiges het besluit dat 'n watertjie of 'n Coke tog nie 'n "Man" se dors kan les nie. Lafenis is toe in die geselskap

van 'n paar Brill-manne gevind. Die gevolg was – 'n "Vonnis" deur tronkbewaarder Volsteedt wat Vyfster na 'n grapkas laat lyk ... (Manne, Skollie en sy pèlle hoort op TV!)

Die besoek van Jaco en Helgard aan Leith-huis is definitief 'n eenmalige gebeurtenis, 'n gebeurtenis wat lank op elke Leith-inwoner se herinneringe afgeëts sal wees. Die nederigheid van al twee hierdie Springbok-Oud-Greys het diep geraak. Chet het aan al twee 'n Leith-huis handoek oorhandig.

Nie lag vir kultuur

Geagte Redakteur

Foutvinder wil dit sommer aan die begin duidelik stel: Hy wil hom nie ewe argeloos uitgee vir 'n "kultuurmens" nie. Want dit wil vir party mense al te gevaarlik klink na 'n soort voëlverskrikker; boonop is die spesiegrens tussen "kultuurmens" en "kultuuraasvoël" bedrieglik vaag.

Maar om darem vir "kultuur" en kultuurdinge te lag – soos 'n wafferse kultuurhiëna?!

En hierdie soort lag-gery waarna ek verwys is nie 'n hersenskim van 'n dwarskoppige Foutvinder nie, geagte Redakteur. Luister maar gerus tydens die saalperiode as 'n arme mnr. Pretorius navrae doen oor 'n moontlike belangstelling om 'n opvoering in die André Huguenet-teater by te woon.

Die hoëre kunsuitinge is nie eens 'n luukse van verfynde vermaak nie – die mikpunt van enige selfrespekterende beskawing. Dis so ernstig, en so ernstig komies as lewe of sterwe, al is dit hoe gemaklik genietbaar.

Die anekdote word omtrent die komponis vertel. Toe Händel sy oratorium "Die Messias" die eerste keer uitgevoer is, het 'n sekere Edelman hom gelukgewens dat hy sulke mooi vermaak vir die mense verskaf. "My heer," het Händel verontwaardig gesê, "ek wou hulle nie vermaak nie; ek wou hulle beter maak."

Fishy beef causes Mad Cow Alert

Is it possible that bizarre events could be linked with the consumption of British beef in the hostel? STABILIS made an in-depth investigation into the matter.

In the past many of us may

have been under a misconception as to what 'En dieu est mon Esperance' really means. These few Latin words tower out above the many tables in Hamilton Hall and is written beneath the great head of a dragon.

However, the true meaning when taking directly from Latin means "Don't blow your budget feeding the starving hordes". This, being the motto of Hamilton Hall, is truly what they strive for, and to a large extent have achieved, judging from various cases of food-poisoning. It has now come under our attention that a large amount of beef was imported from Britain only to find its final resting place in matron's freezer, before being whipped into one of her favourite chicken dishes.

Now the big question is asked: could this beef be the cause of bizarre behaviour here at Grey? A good example to prove this is perhaps the act of applying leather protection products to an educational institution, namely Sentraal. In the event however it seems certain persons were misled as to the exact whereabouts of Sentraal rewarding them with a crash course in tile cleaning the next day.

So, instead of beaming up, they were cleaning up, hey Scottie! As to our knowledge no further illnesses have occurred, with the exception of a kidney stone, but luckily it (was) passed. This leaves us with no further clues about this strange disease.

- Hans Wagener



Grey word toe amper ver(r)as!



Stefan Grobler (links) en Rudolph van Schalkwyk (regs) is deel van 1st Team.

HENK BADENHORST

Grey se aartsvyand, Sentraal, het hierdie jaar nogal 'n noemenswaardige eerste rugbyspan. Dit het hulle duidelik bewys deur die Cherries vroeg in die seisoen met 23-0 te klop.

Die opbou na die wedstryd tussen die eerstespanne was baie meer uitgereik in vergelyking met vorige jare. Sentraal se vensters en Heining het reeds die Dinsdagnag voor die wedstryd deurgeloop. Vir die massa Grey-seuns op die paviljoen was hul eerstespan se spel en die afwesigheid van punte op die bord 'n groot anti-klimaks. Sentraal het baie goed gespeel en soos 'n muur verdedig. Hulle het welverdiend met 8 – 3 voorgeloop toe rustyd aanbreek. Dit het egter die Grey-seuns op die paviljoen

harder en meer fanaties laat sing en skree. Na halftyd het die prentjie verander en Grey het dertien punte aangeteken. 'n Drie deur Gerrie Brits was die enigste keer wat Grey Sentraal se doellyn oorgesteek het. Sentraal kon in die tweede helfte net met een strafskop slaag. Die eindtelling was dus 16 – 11 in Grey se guns. Omdat die wedstryd op die Vrystaatstadion gespeel was, kon die Grey-manne nie die War-Cry op die veld doen nie. 'n Bietjie vindingrykheid is aan die dag gelê en die War-Cry is toe sommer op die stoele gedoen en die eerstespan het die eerste ry gevorm. Dié twee spanne sal mekaar waarskynlik in die finale van die Bloemfonteinliga weer ontmoet. Die Sentraal-bordjies mag dan dalk net verhang word aan die Grey-kant.

Danie Calitz wys wat Grey-‘guts’ is

Durven deursettingsvermoë gee deurslag na gru-besering op die rugbyveld

STEFAN GREYLING

“Dit gaan nou baie goed met my,” sê Danie Calitz, skoolkaptein van Grey Kollege. Hy sterk tans aan by sy ouerhuis in Harrismith, na sy ongeluk in die eerstespan-wedstyd

teen Pretoria Boys High.

Dié fratsongeluk het plaasgevind in die wedstryd nadat Danie een van Pretoria Boys High se spelers reg van voor gevat het. Dié speler se knie het Danie teen die

kop getref en gelei tot ‘n gekraakte skedel. Mediese personeel het hulle onmiddellik na hom gehaas en behandeling het dadelik begin. Gelukkig kon hy vinnig afgevoer word na die Bloemfontein Medi-

Clinic, waar hy dadelik vir die teater voorberei is.

Aanvanklik het Danie swakheid aan die regterkant van sy liggaam, hoofpyne en spraakprobleme ondervind. Mnr. Johan Volsteedt, skoolhoof, sê: “Danie hanteer al sy probleme met dieselfde durf en deursettingsvermoë as wat hy as skoolkaptein openbaar het.” Niks kan hierdie klein mannetjie met die leuehart onderkry nie. Sy vinnige herstel kan as ‘n wonderwerk beskou word.

Dit is juis hierdie positiewe wat mens byval, wanneer hy vertel oor die tweede kans wat God aan hom gegee het en dat Hy ‘n plan met sy lewe het. “Die ongeluk het my siening op die lewe totaal verander. Dit het my laat besef dat Hy in beheer is, ondanks ons eie aspirasies en toekomsplanne.”

Die Grey-gemeenskap het weereens bewys hoe hulle kan saamstaan in tye van nood. Besoekers het van vroegoggend tot laataand ingestroom. “Die ondersteuning en besoeke van mense het my deur die tyd gedra. Dit het my weer die krag van gebed

laat besef en dat wonderwerke vandag nog gebeur.” In die koshuis word Danie baie gemis. Jacques Hattingh, nog ‘n graad 12-leerder, het die volgende gesê: “Ek sal altyd opkyk na Danie. Die koshuis voel nie dieselfde sonder hom nie.”

Met ‘n onlangse besoek aan die skool is Danie met ‘n staande ovasie in die saal verwelkom. “Toe ek in die saal instap en die skool staan op - ek kan die gevoel nie beskryf nie, dit was een van die spesiaalste oomblikke van my lewe.” Nog ‘n hoogtepunt vir Danie was om Tommix op die veld te dra voor die wedstryd teen Paul Roos. Hy erken egter dat niks die gevoel oorskry om daardie eerstespan-trui oor jou kop te trek nie.

“Grey het vir my die wêreld beteken, hier het ek ‘n basis gevorm wat altyd staande sal bly.”

Hoewel Danie nie weer sal terugkom vir die akademiese skooljaar nie, sal hy steeds die matriekafskied, prysuitdeling en laaste skooldag bywoon. Nuwe uitdagings wag nou op hom. Hy gaan volgende jaar B.Rek. aan Kopsies studeer as inwoner van Vishuis.



Mnr. Nic Fryer (aan die woord) en Danie Calitz (op die stoel langs hom) was die belangrikste motiveringsprekers voor die stryd teen Paul Roos Gimnasium. Foto: Johann du Preez

M&M kombinasie sal gemis word

SCHALK WENTZEL

Die legendariese o/16 rugby ‘Machts-en-Meyer kombinasie’ word verbreek na 15 suksesvolle jare. Die 15 jaar-lange kombinasie van mnre. Ingo Machts en Roelf Meyer word vanjaar verbreek. Dié twee gesoute afrigters rig al van 1990 saam af. Die afgelope 12 jaar was hulle met groot sukses betrokke by Grey se o/16 rugby.

Die nuus is nou amptelik. Die twee afrigters gaan weens omstandighede van nou af op verskillende velde afrig. Nadat mnr. Pine Pienaar, voormalige voorspeler-afrigter van die eerstespan, Grey verlaat het, is mnr. Ingo Machts aangestel in sy pos. Daar is baie vrae en onsekerheid oor hierdie skuif en daarom het ons besluit om vraelyste aan die onderskeie afrigters uit te deel.

Op die vraag of hulle voel dat die skuif tot voordeel van Grey-rugby sal wees, het albei positief geantwoord. Volgens mnr. Machts is beide van hulle van mening dat hul sal afrig waar die skool hulle die nodigste het. Mnr. Meyer sê dat hy vas glo dat mnr. Machts se invloed by die

eerstespan tot voordeel van die skool sal wees.

Een van die vrae wat in die vraelys aan albei gestel is, is wat hulle as die grootste hoogtepunt van hul jare as afrigters beskou het. “Elke jaar was ‘n hoogtepunt. Ons het gelewe vir die o/16 rugbyspan,” was die woorde van mnr. Meyer. Volgens mnr. Machts was dit as sg. “swak” spanne mekaar vind en ‘n hoogs suksesvolle seisoen ervaar. “Dit was ook nogal lekker om te sien hoe Wian du Preez van agsteman na loskopstut toe geskuif is en toe later in sy Gr. 11-jaar reeds die SA Skolespan gehaal het. Vandag speel hy Super 14 op stut.”

Volgens 2005 se o/16A-kaptein, Robert Ebersohn, voel hy dit is regtig jammer dat hulle moet opbreek en meen hy dat hulle mekaar goed aangevul het. Mnr. Machts se

antwoord op hierdie stelling was as volg: “Ek dink beslis ons het mekaar goed aangevul en kon mekaar ten volle vertrou. Elkeen was gefokus op sy aspekte van die spel.” Mnr. Meyer sê: “Ja, ons het tog somtyds verskil, maar Grey-rugby is altyd deur beide van ons eerste gestel.



Rugbyveld ondergaan ‘n “extreme makeover”


HARRY VOGEL

Niemand sou jou kwalik neem as jy aan die begin van die vierde kwartaal dalk kon dink dat Grey se hoofrugbyveld nooit weer vir rugby gebruik sou word nie. Dié veld het darem al te veel na ‘n groentetuyn gelyk!

Daar is besluit om die oppervlak van die hoofrugbyveld oor te lê. Sommige van die sleutelpersone wat by hierdie projek betrokke was, was mnr. Phillip Piek, ondervoorsitter van die skool se beheerliggaam, mnr. Dries van der Wal, adjunkhoof en rugbyhoof, asook mnr. Chris Hollenbach, persoon in beheer van die skoolterrein. Die meeste van die werk is behartig deur professionele kontrakteurs van buite die skool. Die betrokke personeel het ook ‘n helpende handjie gelewer. Soos ware Grey ‘gentlemen’ het ‘n hele klomp van die seuns ook gehelp om die gras te verskuif.

Die huidige veld is reeds in 1955, tydens die skool se eeufeesvieringe, saam met die hoofpawiljoen, ingewy. Met die verloop van tyd het die veld stelselmatig agteruitgegaan en al hoe swakker geword weens dreineringsprobleme. Ons leef tans in ‘n moderne eeu en vir hierdie projek kon gebruik gemaak word van heelwat beter tegnologie as wat die geval 51 jaar gelede was.

Mnr. Dries van der Wal sê: “Die rugbyveld moes geheel en al oorgedoen word omdat die oppervlakte baie ongelyk was en gedeeltes van die veld amper permanent onder water was na goeie reën. Die veld het nou ‘n meer geronde oppervlak wat sal help dat dit beter sal dreineer. Die



Die hoofrugbyveld is reeds in 1955 ingewy. Met verloop van tyd het die agteruitgang van die veld se speeloppervlak dit noodsaak om die huidige opgradering te onderneem. Foto: Johann du Preez

hele projek het sowat ses weke geduur.”

Baie van die Grey-seuns het nie teruggestaan toe daar op hul nommer gedruk is nie. Vir ‘n hele paar middag is daar van twee-uur tot half-vyf gras gepak. Dit het vir ‘n hele paar koshuiskinders ekstra uitnaweke besorg. Aanvanklik het ‘n gespesialiseerde masjien die hele speeloppervlakte in sootie van 1m by 0,4m opgesny. Die masjien het die grassoosie ook aan die onderkant losgesny. Dié grassoosie is dan deur die seuns en die terreinwerkers opgerol. Ander seuns moes dan die opgerolde sootie op kruiwaens wegry of op ‘n wa pak, wat dan deur ‘n trekker weggery is.

Alles is aan die kante van die veld gepak en die kaal oppervlakte kon toe bewerk word. Padskrapers en ander implemente is gebruik


om die genoemde geronde oppervlakte te verkry. Mnr. van der Wal sê: “Ons het ook van die geleentheid gebruik gemaak om die besproeiingsstelsel op te gradeer.”

Hierna is die arbeidsintensiewe werk begin om die grassoosie weer terug te pak op die veld. Die grassoosie het baie droog geword terwyl dit opgerol was en het baie meer gebreek as toe dit aanvanklik uitgehaal is. Kenners sal egter bevestig dat, hoe meer ‘n mens kikoejoegras verinnuweer, hoe beter groei dit.

Mnr. Johan Volsteedt, skoolhoof, sê die volgende: “Die bogrond en die gras wat ingesaa moes word, was redelik duur. Ons veld sal nou egter ‘n topveld wees en die nuwe speeloppervlakte behoort beter rugby tot gevolg te hê.”

This final assembly was an ovation

Dries van der Wal: a prince amongst men greets Grey College Secondary



RELETSOAI

As we bade farewell to Mr Dries van der Wal during a solemn assembly, learners presented him with tokens of their appreciation, in different ways. The grade 8s sang Veels Geluk as it was also his birthday and they gave him balloons. The grade 9s made a video compilation of all their memories and personal interactions with Mr Van der Wal that inspired them to become better people. Representatives from the grade 10s and 11s gave him roses and a tree and in sincere speeches, praised the great man he is. The grade 12s sang him his favourite song, also dedicated to the person he is and the effect he has on everyone he meets.

Mr Van der Wal's family and friends, including familiar faces such as Mr Tommie Cronje and his wife, his fiancée Yvonne and his three daughters Janine, Marie and Ané also attended this

special occasion and briefly spoke about this sincere, humble and compassionate man. Springbok rugby captain Adriaan Strauss recalled his memories of the times he shared with him at Grey, and how all the advice Mr Van der Wal gave him has still stuck with him. He also noted jokingly that he had never dreamed that he and Mr Van der Wal would retire at the same time.

When the time came for Mr Van der Wal to give his speech, the mood in assembly was very emotional. Learners and Mr van der Wal were brought to tears, and as he was comforted by his youngest daughter Ané, the learners saw how much his family and we as the Grey boys truly valued him and were truly valued by him.

He will be remembered as a great teacher and role model for many Grey boys, past and present. Grey salutes Mr Van der Wal.

A golden moment on stage for the family of a great man.

Photo: Eric Diswane

Sewes-kaptein beïndruk

GUSTAV PIETERSE

Die Springbok-sewesspan, beter bekend as die 'Blits-Bokke', presteer uitstekend in die huidige HSBC Sewes Wêreldbekerreeks. Hulle het daarin geslaag om die toernooi in Kaapstad te wen aan die einde van 2015, 'n prestasie wat baie goed deur die geesdriftige tuisskare ontvang is.

Grey kan met reg trots wees op die skool se voortgesette verteenwoordiging in die nasionale sewesspan. Twee van die skool se oud-spelers, Philip Snyman en Chris Dry, is in hierdie wen-groep ingesluit. Wat dié prestasie egter hierdie keer besonders maak is dat Philip Snyman boonop ook aangewys is as kaptein van die span.

Na die eerste wedstryd by die toernooi in Australië is Philip

beseer en kon nie verder aan die toernooi deelneem nie. Ironies genoeg is Chris Dry, die enigste ander oud-Grey in die groep, vir die orige wedstryd as kaptein in Philip se plek aangewys.

Die sewes-kaptein het al van o/14-vlak in die A-span gespeel en het al reeds in graad 11 vir die skool se eerstespan uitgedraf. Uit al sy jare van ondervinding is sy hoogtepunt by Grey die drie keer in 'n jaar wat "1ste team die is nie", in die saal gesing word.

Philip sê dat Grey vir hom veral die volgende geleer het: "Die skool leer jou oor dissipline, respek vir jouself en ander en trots." Dit is ook sy raad aan al die Grey-rugbyspelers: "Werk hard en speel elke wedstryd asof dit jou laaste is."



Philip Snyman (derde van links) saam met spanmaats. Foto: Verskaf

Ou skepsklok dra sterk simboliek

BRENDAN RUDMAN

Die storie van die Ou Klok is een van die vele ryke tradisies van Grey Kollege en dateer van 1907, vandat die skool op die huidige gronde is. Oorspronklik is dié Ou Klok gelui om die begin en einde van periodes aan te dui.

Een van die teregende vrae in die geskiedenis van Grey Kollege is: "Wie het destyds die klok gesteel?" Volgens Mnr Edwin Grant, 'n oud-Grey en 'n 'Grey-historikus', is die klok in die laat 70's of vroeë 80's gesteel en tot hede is niemand seker wie daarvoor verantwoordelik was nie. Die vermoede oor die jare was dat oud-Grey's moontlik iets daarmee te doen kon gehad het.

Mnr Volsteedt vertel hoe hy en 'n kollega 'n ou skepsklok op 'n skrootwerf gekry het as 'n plaasvervanger, en dat dit die klok is wat nou nog aan die ou spoorstawe hang.

"'n Grey seun loop net een keer in sy lewe onder die klok deur en niemand anders mag dit doen nie", sê mnr Volsteedt.

Al is die geskiedenis van die Ou Klok opsigself fassinerend, is die simboliek daarvan eintlik die belangrikste. Die Ou Klok is een van die mees bekende bakens by Grey en die droom van enige Grey seun is om aan die einde van sy skoolloop-baan onder die Ou Klok te kan loop. Maar hoekom sou dit so belangrik wees?




Die matrieks van 2016 doen vir oulaas die 'War Cry' nadat hulle deur die Ou Klok geloop het. Foto: BJ Vorster

Met die aanbreek van die laaste kwartaal tel 'n matriekseun die dae van sy Grey loopbaan af. Op sy laaste dag verlaat hy die heiligdom van Grey, die Reüniesaal, nadat hy afskeid geneem het van die skool.

Met die note van die ou Skotse lied Auld Lang Syne in die agtergrond, stap hierdie matriekseun oor die marmerklip waarop The First Reunion gegraveer is, en onderdeur die klok wat vir hom gelui word.

Dit verteenwoordig sy eerste tree as 'n oud-Grey. "Die woorde The First Reunion herinner die nuwe Oud Grey om nooit sy eerste reünie te vergeet nie", aldus mnr Edwin Grant.



Die raaisels van die 1928- en 1947-skoolkapteins is graf toe saam met Jock Meiring

BERNARD SCHEEPERS

Die prestasieborde in die Reüniesaal lys nie slegs die name van oud-Greys wat presteer het in leierskap, akademie en sport nie, maar berg ook talle raaisels.

Hoekom was daar nie 'n skoolkaptein in 1928 nie? En hoekom was daar in 1947 twee skoolkapteins?

'n Ondersoek is geloots en

Mnr Edwin Grant (matriek 1955) was die enigste persoon wat hierdie raaisel, tot 'n mate, kon oplos.

In 1947 was Strydom Smit die aanvanklike verkose skoolkaptein. Deur die loop van die jaar is hy vervang deur Roald Maartens.

Mnr Grant kon nie veel inligting verskaf oor Strydom Smit nie. Volgens die jaarblad

van 1947 was Strydom Smit 'n uitstekende sportman. Hy het aan die Junior SA Atletiekbyeenkoms deelgeneem.

Hy is gekies om die Vrystaatse o/19 rugbyspan teen Transvaal te verteenwoordig en het ook die Vrystaat op die Nuffield-kriekettoernooi te Kaapstad verteenwoordig.

Roald Maartens, die tweede

skoolkaptein van 1947, was 'n veelsydige Grey-leerder en 'n baie goeie skoolkaptein. Hy het die gesogte Esselen-wisseltrofee ontvang by die jaarlikse prysuitdeling.

Hierdie trofee word toegeken aan 'n graad 12 leerling vir sy akademiese bekwaamheid, toegewydheid en betrokkenheid by sport.

Wat die rede is hoekom daar in 1947 twee skoolkapteins was, is nog steeds duister.

In die jaarblad van 1947 word daar geen melding hiervan gemaak nie, slegs die naam R. Maartens word erken as skoolkaptein.

Slegs op die prestasieborde in die Reüniesaal word S. Smit erken as 'n skoolkaptein.

Grey Vrydag is eintlik nie vir stökkiesdraai of slaplê nie

DEVILLIERS LAMPRECHT

Vir geslagte van Grey-manne was 'n "Grey Vrydag" 'n legendariese dag waarop daar na bewering nie gewerk is nie en wanneer jy jou onderwyser ompraat om Grey-stories met jou te deel. Moderne Grey Vrydae lyk egter heel anders. Dit gaan nie oor niksdoen nie, maar oor die polsende geesbou en broederskap wat Grey so uniek maak, veral in die aanloop tot 'n groot interskole.

Die atmosfeer op 'n Grey Vrydag is hoogs aansteeklik. Daar word tyd op die dagrooster ingeruim, en die aktiwiteite begin gewoonlik in die saal, waar die dak lig en die vloer soms tydens sing songs kraak. Die magtige dreuning van die war cry en die G-R-E-Y-oefeninge op die pawiljoene bind die manne as 'n hegte eenheid saam. Dié energie spoel reguit oor na pouse op die ikoniese Old Trafford-grasperk. Geesdriftige sokkerwedstryde laat sommiges sweet en ander skaterlag. Soms word die gees verder aangevuur deur eetkompetisies waar die skool die deelnemers luidkeels aanmoedig.

Wat dié sogenaamde tradisie egter bedreig, is 'n stampvol akademiese program en druk van buite om so min as moontlik akademiese tyd af te staan. 'n Moderne neiging onder seuns om eenvoudig net by die huis te bly, al spook onderwysers met werk, is ook 'n probleem.

Die feit bly staan: 'n Grey Vrydag is nie 'n werklose skooldag of 'n vakansiedag tuis nie. Dis 'n dag waarop die onmiskenbare trots, samesyn en pure pret wat Grey-manne verenig, gevier word. Dit is die dryfkrag agter ons tradisies.

Hidden Talents of Grey Staff Members

LANCE SWART

Grey College staff are known for their dedication in the classroom, but many possess remarkable talents beyond teaching. Did you know that...

Mrs Jana Jordaan is a qualified modern dancer who spent 20 years dancing professionally. Mr Marcel Cronjé is a talented singer and, together with Mr Herman Naudé, was part of the student a cappella group Klitzgras, which even released a CD. He also plays club hockey.


Mrs Alri Prinsloo is an accomplished waterskier, specialising in slalom skiing. Mrs Dorianne Martins is a qualified court interpreter for the deaf, as well as a registered rugby coach and referee accredited through BokSmart.

Mrs Marleen Sieberhagen is a gifted multi-instrumentalist, having achieved UNISA Grade 7 Piano and Grade 5 Flute before adding the saxophone to her repertoire. Mrs Ester Botha and Mrs Sannette Greyvenstein both play the violin and take lessons from Mrs Abrie van Nieuwenhuizen—who herself plays more than ten instruments.

Mrs Antoine Ebertsohn has completed her second Comrades Marathon this year from Durban

An open passport to new opportunities

The adventure of travel begins in the classroom



GRAPHIC: Brill Murray

JOSHUA DEVENISH

Tourism is a relatively new subject at Grey College that has grown steadily in popularity. A total of 246 learners from Grades 10 to 12 currently take the subject under the leadership of Ms Franette McNeill, alongside teachers Juan van den Berg, Leila Muller, and Eduan Truter.

But why is Tourism so popular among Grey boys? Responses from learners include comments such as, "It's easier than Physical Science," and "It is interesting." These reflect some of the general perceptions surrounding the subject.

Another factor contributing to its popularity is the PAT (Practical Assessment Task). This component allows learners to work on an assignment in class over time, which contributes significantly to the final year mark. As a result, many learners find it more manageable to achieve strong results in Tourism compared to some other subjects.

According to Ms Franette McNeill, subject head, Tourism is much more than learning about holidays and famous destinations. "At Grey College, the subject equips learners with valuable knowledge and practical skills that prepare

them for one of the world's fastest-growing industries."

Throughout the year, Tourism learners explore a wide range of topics, including world travel destinations, sustainable tourism, customer service, travel planning, and the impact of tourism on local and international economies.

They also gain an understanding of maps, itineraries, foreign currencies, and the responsibilities of travellers in protecting the environment and preserving cultural heritage.

Learners improve their communication skills, problem-

solving, time management, and organisational abilities while learning how the global travel industry operates. These skills are highly valued in many different career fields.

Tourism also encourages learners to think globally. By studying different countries, cultures, and attractions, learners develop a greater appreciation for diversity and the importance of responsible travel. The subject inspires curiosity and broadens perspectives, helping learners understand how tourism connects people from all over the world.

Superbru: Predict the World Cup

CHRISTOPHER SAVVAS

Grey is bringing everyone together this July with Superbru Stabilis—a FIFA World Cup prediction competition for both learners and adults.

Signing up is simple: pay your entry fee via Karri and submit your predictions. There are two live leaderboards—one for learners and one for adults—so you'll only compete against your own age group. No need to worry about being outsmarted by your uncle who watches every match twice!

After each round, two participants will be recognised. The person with the most accurate predictions will receive a bright yellow hat and, of course, bragging rights. The participant at the bottom of the leaderboard will receive the

wooden spoon—all in good fun. With prizes awarded after every round, there's always something to play for.

Entries close on 6 July 2026, just before the 2026 FIFA World Cup kicks off on 11 July and runs until 19 July across North America.

When the final whistle blows, the participant with the best overall predictions throughout the tournament will be crowned the Superbru Champion and will walk away with the coveted purple hat.

Grey College's goal is simple: to make the FIFA World Cup even more enjoyable for families. It's less about being a football expert and more about the excitement of making predictions, sharing a few laughs, and enjoying some friendly competition together.



Ms Lize van der Merwe is renowned for her beautiful cupcakes and is also highly skilled in sewing.

Ms Chris-Marie Liebenberg originally studied actuarial science before entering education. Mrs Leila Muller is an endurance horse rider, while Mrs Alta Vorster owns and

manages a horse stud.

Mr Robert Ebersohn was the South African Under-17 heptathlon champion and, in the same year, represented Grey's First Team.

Mrs Juanita Nel in the administration office creates exquisite handmade quilts. Mr Meyer van Tonder is a popular wedding master of ceremonies, while Mr Ockie van der Merwe records and performs music under the stage name Riaan Rooikrans, with his songs available on streaming platforms.

Mr Eduan Truter is a reporter for RSG-radio. Mrs Franette McNeill is an entrepreneur who previously owned her own shop and continues to run a successful design business.

Mr Marnus van Wyk is a wildlife enthusiast and photographer whose award-winning images capture the beauty of South Africa's wildlife. Mr Rikus van Wyk is also a talented photographer who undertakes professional photoshoots. (Have you ever wondered who the real Brill Murray is?) Mr Pedro restores classic cars, while Mr Corné van Rooyen collects vintage vehicles and is also an accomplished woodworker.

Mrs Brenda is a qualified life coach specialising in temperament profiling. Finally, Mr JR Prins is a DJ and the national chairperson of the Southern Riders Motorcycle Club.



Roer jou voete oor die eetsaal se vloer

Tafels en stoele uit en dansbaan met meel gestrooi



Khotso Taleng, Zachary Walbrugh en Kingsley Pule saam met vriendinne.

Foto: Brill Murray

NIEL DU RANDT

"Wees versigtig om so skelmpies na haar te loer... Hou haar vas en swaai haar rond..."

Só het die musiek op 12 Februarie 2026 deur Hamilton Hall weergalm tydens Leith-huis se jaarlikse sokkie – 'n hoogtepunt op die koshuiskalender waarna inwoners elke jaar uitsien.

Die tradisie het in 2016 begin, toe die sokkie tydens 'n verpligte

inblynaweek op die sirkel gehou is. 'n Jaar later is dit na Leith-huis se appèlsaal verskuif, wat vir heelwat interessante oomblikke gesorg het. Dames is immers vir die geleentheid in die koshuis toegelaat – iets wat beslis nie alledaags is nie. As voorsorg moes al die seuns se kamerdeure gesluit bly. Miskien was iemand bang vir "spoke"...

Sedert 2018 word die sokkie tradisioneel op die grasperk voor Leith-huis se lapa aangebied,

elk met sy eie tema en unieke atmosfeer. Vanweë die ongunstige weervoorspelling is daar egter in 2026 vir die eerste keer besluit om die geleentheid na Hamilton Hall te verskuif, sodat die dames hul pragtige uitrustings droog kon hou. Oom Leon Bester het goedgegunstig ingestem dat die eetsaal gebruik mag word, op voorwaarde dat al die tafels en stoele voor die sokkie uitgedra en betyds voor ontbyt die volgende oggend weer teruggepak

word. Mnr. Herman Naudé en die graad 11-leerders het tot laat die aand hard gewerk om die saal weer piekfyn te kry – van die afvee van die meel op die vloer tot die terugpak van elke tafel en stoel.

Tannie Nina het gesorg vir smaakvolle versierings en verversings vir die personeel, terwyl mnr. Juan van den Berg met 'n wakende oog toesig gehou en boonop 'n "pop-up-snoepie" in die voorportaal ingerig het.

A term packed with action and adventures for boys and staff

JOHANDRÉ SMAL

Grey has recently been filled with excitement as learners and staff enjoyed special events that brought the school community together and created lasting memories.

One of the most enjoyable events was the Pyjama Day. Learners came to school dressed in their favourite pyjamas, slippers, and cosy outfits. The school corridors were filled with colourful patterns, fluffy gowns, and plenty of laughter. It was a welcome break from the normal school routine and gave everyone the opportunity to express their personalities in a fun and relaxed way. The atmosphere throughout the day was cheerful, and it was clear that both learners and teachers thoroughly enjoyed the unique experience.

Another event that had everyone talking was the Teachers vs. Cheerleaders Touchies Rugby Match. Excitement filled the air as learners gathered to support their favourite team. The match was played in great spirit, with both the teachers and the cheerleaders displaying enthusiasm, determination, and a wonderful sense of humour. There were moments of impressive teamwork, unexpected tries, and plenty of laughter from the sidelines. The crowd cheered loudly throughout the game, creating an electric atmosphere that highlighted the strong sense of community at Grey College.

Events like these remind us that school is about more than just tests, assignments, and examinations. They provide opportunities to build friendships.

Biblioteek kry 'n nuwe omslag

SCHALK VAN DER MERWE

Wat eens 'n eenvoudige en ietwat uitgeleefde ruimte was, is nou 'n opgegradeerde leeromgewing wat trots en inspirasie uitstraal en 'n waardige ruimte skep vir Grey se akademiese kultuur.

Mev. Lettie van Wyk, die Afrikaansdepartementshoof betrokke by die hart van die Vrystaat se grootste skoolbiblioteek, meen dat die Krause-biblioteek vir jare op dieselfde "hoofstuk" vasgesteek het en nie met die standarde van moderne skoolbiblioteke kon meeding nie.

Die onlangse toekenning van die Hertzogprys, die mees gesogte literêre eerbewys in Afrikaans, aan oud-Greyleerder Eben Venter vir sy roman Decima, het volgens haar 'n simboliese rol gespeel in die hernuwing van die biblioteek. Sy beskryf dit as 'n oomblik wat herinner het aan die waarde van taal, literatuur en lees. Met eerbied voeg sy by: "'n Hertzogprys is 'n prestasie gelykstaande aan 'n Springbokbaadjie."

Hierdie erkenning het uiteindelik as inspirasie gedien om die biblioteek te transformeer in 'n ruimte wat kennis, trots en kreatiwiteit weerspieël. Die opgradering fokus daarop om 'n meer moderne en uitnodigende leeromgewing te skep waar



Die bib se muur is nou met skoolgees versier. Foto: Brill Murray

leerders graag tyd deurbring.

'n Wêreldkaart pryk nou teen een van die mure, 'n inisiatief van mev. Marlinda Rothmann, terwyl die agtermuur versier is met 'n groot skoolbeeld wat Grey se gees en tradisie uitbeeld. Die ruimte is verder verryk met kreatiewe dekor wat daarop gemik is om leesliefde onder leerders te stimuleer en die atmosfeer meer verwelkomend te maak.

'n Spesiale kunswerk wat deur Schalk van der Merwe geskenk is, vorm nou deel van die biblioteek

se visuele identiteit. Hierdie bydrae het nie net die estetiese waarde verhoog nie, maar ook 'n gevoel van trots onder leerders versterk.

Tydens die amptelike opedag het besoekers die nuwe biblioteek met groot lof ontvang. Baie het dit beskryf as modern, netjies en inspirerend.

Mev. Van Wyk hoop dat die opgradering leerders sal aanmoedig om meer te lees en die biblioteek as 'n veilige ruimte vir leer en groei te gebruik—'n plek waar idees gevorm word en drome begin.



Lead with knowledge. Grow with purpose.

APPLICATIONS
OPEN 1 JUNE 2026

MBA

PGDIP

PHD

Visit our website for more info!

www.nwubusinessschool.co.za

The weight of wearing the Grey blazer


The responsibility of being a matric learner is heavy



We all know that each year's matric class is the lifeblood of the College. We see them on the rugby field, receiving academic awards, and performing on cultural stages — but when do we hear from them? The final year of school is meant to be a time of responsibility, leadership, and setting an example for the classes that follow. However, many Grade 12 learners feel more like spectators than "captains on the field".

The matric class is unhappy with the current state of discipline and many believe that respect for tradition has been lost, particularly among the younger grades. Following numerous group meetings after assembly, it has become apparent that matrics are dissatisfied and are no longer willing to remain silent. School leaders and their peers believe that their five years of experience should earn them a much greater seat at the table. "How are we supposed to lead a school if we have no say in how things are handled?" is a sentiment shared by many members of the Class of 2026.

However, there are those whose views differ. "This isn't anything new; it's what they (the younger grades) see from the matrics. Many of the matrics complaining now had no problem with it when they were in Grade 9 or Grade 10. They themselves walked on the Grade 12 grass because their friends were in matric, but now they



GRAPHIC: Brill Murray

have an issue when younger boys do it. It's all hypocrisy," one student remarked.

This marked the beginning of the quiet shift we have all felt—the subtle change in how issues are resolved and how discipline is enforced. We all sensed that change was coming, but no one expected the infamous "tuckshop" session to make a brief return. Traditionally, these sessions served as a team-building exercise, encouraging an entire grade to work hard together so that unity and discipline within the grade could improve.

The movement has sparked conversation: Is this the restoration of school tradition, or the beginning of a new wave of overzealousness? Either way, the matric class of 2026 is eager to make itself heard. This has, unsurprisingly, been met with resistance from younger grades and staff alike. "Real change will only come when, as a prefect, you can call your peers to order and lead by example. The only way to break a cycle is to cut it off completely and start a new one."

Another perspective is that matrics are still scholars. Are they

really equipped to have an opinion on discipline when many staff members believe that disciplinary issues are most prevalent among the matric class itself? Matrics do not follow another rule book, after all.

Despite these many differing opinions, the debate has reignited conversations about leadership, discipline, and the role of matric students in shaping school culture. As the year draws closer to its end, one thing is crystal clear: the Class of 2026 is no longer content to sit quietly at the back of the hall.

APEX: Does this movie reach the summit?

AD ROUX

Have you ever wondered what it would be like to be hunted for sport? That's exactly what happens in the new Netflix movie Apex, starring Charlize Theron and Taron Egerton. This survivor thriller was directed by Baltasar Kormákur.

The basic storyline follows a rock climber named Sasha (Theron). After her husband dies in a tragic climbing accident, she travels to the Australian wilderness to clear her head on a solo kayaking trip. Things go terribly wrong when she meets a local named Ben (Egerton). At first, Ben seems super friendly, but he turns out to be a total psychopath who traps Sasha in the woods and hunts her in a deadly game of cat-and-mouse.

What is really right with this film is the action. The stunts are awesome, and seeing Sasha use her brain and climbing skills to survive instead of just fighting is really cool. Taron Egerton is also surprisingly creepy as the villain, which makes the movie super intense. Plus, the Australian scenery looks completely amazing.

As for how it did, the film got mixed reviews from viewers and critics, earning a 66% on Rotten Tomatoes. A lot of people felt the story was a bit predictable, but still agreed it was a fun "popcorn" survival movie. It released exclusively on Netflix in April 2026, and while it quickly became a highly-streamed weekend watch, most viewers say it's an entertaining but somewhat forgettable thrill ride.

RESENSIE

Grey't Smashburger en ander gunsteling

RONAN VILJOEN

Sodra die pouseklok lui, vorm daar lang rye by die Tuckshop. Met 'n splinternuwe spyskaart wat gehalte, verskeidenheid en goeie waarde vir geld bied, is dit geen verrassing dat die Tuckshop steeds een van die gewildste plekke op kampus is nie.

Die ikoniese sinkplaat-Tuckshop is al jare lank deel van die Grey-ervaring. Vir baie leerders is 'n besoek daar 'n daaglikse ritueel. Die geur van vars slaptjips, die geesdriftige geselsies in die rye en

die aantloklike gesig van 'n warm burger wat verbygedra word, vorm alles deel van 'n tipiese pouse by Grey.

In 2025 was die gewilde Chicken Bun – 'n vars broodrolletjie met hoenderrepien en mayonnaise – die Tuckshop se topverkoper. Hoewel elke leerder sy eie gunsteling gehad het, was dié broodjie lank 'n staatmaker vir honger Grey-seuns en personeel.

Van vanjaar af behoort die kroon egter aan die Grey't Smashburger. Met twee sappige

beesvleispatties, spek en kaas in 'n sagte broodjie het dié burger binne 'n kort tyd 'n gunsteling geword. Teen R55 vir 'n kombinasie, wat slaptjips insluit, bied dit uitstekende waarde vir geld. Die gewildheid daarvan spreek vanself – tydens feitlik elke pouse stap leerders oral met 'n Grey't Smashburger in die hand.


Die nuwe spyskaart bied ook meer keuses as tevore. Van roomys en slaptjips tot Knox en soetgoed, is daar iets om elke smaak en eetlus te bevredig. Die fokus bly deurgaans op gehalte. Dit is duidelik vir die bestuur 'n topprioriteit.

Verandering bring egter ook nostalgie mee. Met die nuwe bestuur het tannie Keke, wat vir baie jare die hart van die Tuckshop was, afskeid geneem. Haar vriendelike glimlag en opregte belangstelling in elke leerder het haar 'n geliefde deel van die Grey-gemeenskap gemaak, en haar afwesigheid word steeds gevoel.

Soos min ander plekke, bly die Tuckshop 'n plek waar tradisie en vernuwing hand aan hand stap. En as die lang rye gedurende elke pouse 'n aanduiding van die gewildheid daarvan is, gaan die Grey't Smashburger nog lank 'n gunsteling op die spyskaart bly.



Die sappige Smashburger was gou 'n gunsteling. Foto: Verskaf



Sygnia

Feel Stronger & Energised

With **FUTURELIFE** High Protein Chocolate

- 30% PROTEIN**
Supports Lean Muscle
- Low GI Carbs**
Sustained Energy
- Immun4™ Blend**
Immune Support

NEW LOOK SAME GREAT PRODUCT

500g

The Smart, Nutritious Meal for Busy, Active People!

Views, victories and expectations

OLE MOSHOU

Going viral is every schoolboy athlete's dream, but for Grey's rising star, Lamla Mgedezi, it became a reality overnight. When his highlight reels exploded across social media, he was completely shocked. "Every kid wants to see edits of themselves go viral," he says.

However, internet fame comes with its own set of challenges. For Mgedezi, his massive online audience serves as both motivation and pressure. Instead of allowing the pressure to overwhelm him, he channels it into something positive—an opportunity to showcase his talent while remaining focused on his performance.

The most rewarding part of the experience for Mgedezi is realising that he has become a role model for younger players. Although he never set out to build a large Instagram following, he now uses his platform to set a positive example through good sportsmanship and a strong work ethic. He has also had to develop a thick skin when dealing with online criticism. "One clip never tells the whole story," Mgedezi points out, noting how quickly the internet can turn on an athlete when things do not go their way.

To keep his feet firmly on the ground, Mgedezi relies on his support system. His teammates keep things normal with friendly locker-room banter, while his coaches and family constantly remind him that hard work—not social media—wins matches. Social media is simply a bonus; rugby will always come first.

Two Grey't rugby teams worth watching

Contribute fully to achieve an unbeaten season



The U/16B team will aim to preserve their unbeaten record.

Photo: Supplied

WERNER DU PLESSIS

The U/16B and U/16D rugby teams have enjoyed an outstanding season so far, remaining unbeaten throughout the year. Both sides have shown consistency, discipline, determination, and strong teamwork in every match they have played.

The U/16B team places a strong emphasis on humility and hard work, whether in the gym or on the rugby field. According to their coach, Mr Adolf Swiegers,

the players constantly motivate one another and hold each other accountable. The team also regularly engages in video analysis sessions to improve performance and correct mistakes.

Their motto, "G-L-O" (God Leads Us), together with the "five stones" principle inspired by the story of David and Goliath, serves as a guiding framework that keeps the team focused and grounded. The players prepare thoroughly for each opponent and believe that the team committing the fewest errors

usually comes out on top. Their goal remains simple: to improve each week and maintain their unbeaten record.

The U/16D team has also delivered an impressive season. Coach Nelio de Sa noted that the players have created their success through commitment and hard work. One of their standout victories came against Affies, where determination and courage secured a hard-fought win.

At the beginning of last year, the team made a collective

decision that every player needed to contribute fully if they wanted to achieve an unbeaten season. Since then, unity between players and coaches has been central to their success. Their win over Affies was particularly significant, as it ended Affies' unbeaten run dating back to U/14 level.

Both teams continue to represent the school with pride through their performances and commitment on the field. Despite their success, they remain grounded and humble.

Grey blink ook buite die hoofstroom uit

ANDRIES STRAUSS

Wanneer 'n mens aan Grey Kollege se sportkalender dink, is dit gewoonlik rugby, krieket, sokker en hokkie wat eerste by jou opduik. Tog word uitnemendheid by dié skool nie tot die tradisionele skoolsporte beperk nie. Van onderwaterhokkie en stoei tot kompetisievisvang, Grey-leerders bewys jaar ná jaar dat talent, dissipline en deursettingsvermoë nie aan 'n spesifieke sportsoort gebonde is nie.

Xavier Branco het tydens die Junior Nasionale Onderwaterhokkietoernooi in Somerset-Wes sy staal gewys toe hy sy span as kaptein na 'n eerste plek gelei het. Hy is boonop as die topdoelskieter in die mansafdeling aangewys – 'n bewys van sy uitsonderlike vaardigheid en kalmte onder druk. Sy uitstekende vertonings en sterk leierskap het hom 'n plek besorg in die Suid-Afrikaanse span wat in Julie aan die Wêreldkampioenskappe in Turkye gaan deelneem.

Drie Grey-stoeiers het ook by die Nasionale Stoeikampioenskappe uitstekende prestasies gelewer. Jandre Loots het, nadat hy 'n spesiale vergunning ontvang het om deel te neem, 'n indrukwekkende derde plek en 'n bronsmedalje in die hoogs mededingende 70 kg-gewigsklas verower. Jac-Hendri Engelbrecht



Xavier Branco, kaptein van die Junior Nasionale span. Foto: Verskaf

het sy veelsydigheid ten toon gestel deur twee silwermedaljes te wen – een in sy gewigsklas en nog een in die streng Grieks-Romeinse afdeling. Hennie Sevenster het eweneens sterk vertoon en 'n verdienstelike vierde plek in die land in sy gewigsklas behaal. Hierdie prestasies getuig van die seuns deeglike voorbereiding, fisieke krag en buitengewone deursettingsvermoë.

In die wêreld van *Classic Feeder*-visvang het Theo Botha nasionale sukses behaal as lid van die Gauteng 0.25-span. Die span het goud verower tydens die

eerste Suid-Afrikaanse Nasionale Kampioenskap van sy soort.

Botha het individueel ook uitgeblyk deur 'n silwermedalje te verower, as naaswenner vir *Victor Ludorum* aangewys te word en boonop die pryse vir die swaarste sak vis en die grootste baber van die toernooi in te palm.

Hierdie prestasies bevestig opnuut dat Grey-leerders nie slegs op die tradisionele sportvelde hul merk maak nie. Of dit nou onder die water, op die stoeimat of langs die water is – Grey se sportmanne bewys dat uitnemendheid vele vorme aanneem.



KNOX
HYDRATE



Soccer: A beautiful game for building men

XENOPHON SAVVAS

The beautiful game is quietly gaining momentum at Windmill Park. While trophies and results will always matter at a leading sports school, the true measure of success over the past year can be found in one simple statistic: the growing number of boys lacing up their boots.

According to Coach Monde, Grey College's Director of Soccer, the first half of the season has been a journey of steady growth. Like any developing programme, it has experienced both highs and lows, but progress has remained consistent.

"Our performance goals depend on how quickly the learners develop," says Coach Monde, emphasising that each season presents new opportunities and challenges. Rather than focusing solely on winning trophies, the programme prioritises player development and inclusivity, ensuring that every boy who wants to play has the opportunity to do so.

When asked about the season's greatest success, the coaching staff point to the steady increase in player registrations. The rising numbers reflect a healthy development pathway between the primary and high school, while also attracting talented young footballers from the wider community.

Ultimately, the season has been defined by purpose. Every training session, every tactical lesson and every match has contributed to a long-term vision of building a strong football culture.

Swemmers maak opslae

Groot aantal seuns vir Vrystaatspan gekies



JC Coetzer swem vlinderslag tydens die Nestor Pierides Memorial-gala.

Foto: Verskaf

HANNES PEYPER

Grey se swemmers het vanjaar weer bewys dat hulle onder die land se beste tel met uitstekende vertonings by verskeie swembyeenkomste.

By die gesogte Westville-gala het die span 'n indrukwekkende derde plek behaal te midde van sterk mededinging deur van Suid-Afrika se voorste swemskole.

Tydens die Interhoër het Grey sy oorheersing voortgesit deur as die beste seunskool aangewys te word. Die span het boonop al

die ouderdomsafdelings gewen – 'n bewys van die swemmers se harde werk, toewyding en deurstellingsvermoë, sowel as die gehalte van hul afrigting.

Connor le Gassick en JC Coetzer het verder vir die Senior Nasionale Swemkampioenskappe gekwalifiseer. Hierdie kampioenskap verteenwoordig die hoogste vlak van mededingende swem in Suid-Afrika en deelnemers moet vooraf aan streng kwalifiserende tye voldoen. Hier ding hulle teen senior swemmers van tot 25 jaar oud mee – 'n uitsonderlike prestasie vir twee

hoërskoolleerders.

Grey se sukses is beklemtoon deur die groot aantal swemmers wat vir die Vrystaat Skoleswemspan gekies is. Die span bestaan uit Adriaan Barnard, Helio Chen, Orion Chen, Jedrick Geleta, Damian le Breton, Connor le Gassick, Douglas Lindeboom, Devon Reinders, Marnus van Rensburg, Dirka Louw en JC Coetzer.

Hierdie uitslae weerspieël nie net die buitengewone talent van Grey se swemmers nie, maar ook die uitstekende standaard van die skool se swemprogram.

"Hosting" – iets van die verlede of nog relevant?

MYNHARD HERHOLDT

Huisvesting, oftewel *hosting*, is 'n onderwerp wat al hoe meer gesprek by Grey ontlok. Waar dit vroeër vanselfsprekend was dat besoekende leerders tydens interskole en sportbyeenkomste by gasgesinne tuisgegaan het, verkies baie deesdae om eerder by familie of vriende te bly, of selfs hul eie verblyf te reël. Dit laat 'n belangrike vraag ontstaan: Is die tradisionele huisvestingstelsel steeds relevant, of het dit sy plek in die moderne tyd verloor?

Volgens mnr. Robert Ebersohn gaan huisvesting oor meer as bloot 'n slaapplek vir een nag. Dit is 'n geleentheid om verhoudings te bou, nuwe mense te leer ken en blywende vriendskappe te vorm. Hy vertel van oudleerders van verskillende skole wat jare gelede by mekaar gehuisves is en vandag steeds hegte vriende is – 'n bewys van die blywende impak wat hierdie tradisie kan hê.

Mnr. Ebersohn beklemtoon dat om 'n gas in jou huis te verwelkom, beteken jy deel jy nie net jou huis nie, maar ook jou gesin, jou waardes en die kultuur van Grey. Leerders behoort bereid te wees om tydens tuisbyeenkomste self gashere te wees. Deur 'n besoekende leerder met gasvryheid en respek te ontvang, verteenwoordig jy nie net jouself nie, maar ook jou gesin, jou skool en die waardes waarvoor Grey bekend staan.

Hopelik is *hosting* nie 'n gebruik wat besig is om uit te sterf nie, maar 'n tradisie wat steeds 'n plek het.

Nie eers 'n fratsongeluk stuit vir Erik nie

CHRISTIAN J.V. RENSBURG

Met deelname aan hokkie, sokker, landloop en muurbal is Erik du Plooy, graad 9, een van Grey se veelsydigste sportmanne. Hy verteenwoordig die skool oor verskeie spanne heen: hokkie in die o/16D-span, sokker in die o/15B-span, muurbal in die o/19B-span en landloop vir Grey Junior A, terwyl sy atletiekprestasies selfs tot op nasionale vlak strek.

Erik gee nuwe betekenis aan Muhammad Ali se woorde: "I am grateful for all my victories, but I am especially grateful for my losses, because they only made

me work harder. Failure is never fatal. It's courage that counts." Ná 'n motorfietsongeluk het sy grootste uitdaging begin: om te leer om met een arm hokkie en muurbal te speel. Tog het hy aangepas en 'n manier gevind om voort te gaan, terwyl hy dankbaar bly dat hy steeds kan deelneem aan die sport wat hom dryf.

Dit is juis Erik se dapperheid, positiewe ingesteldheid en deurstellingsvermoë wat medeleerders inspireer. Hy beklemtoon dat hy homself gemotiveerd hou deur hom nooit as minderwaardig teenoor enigiemand anders te ag nie. Sy betrokkenheid by sport het

nie ná die ongeluk verander nie, en sy toewyding bly onwrikbaar en konsekwent.

'n Tipiese middag ná skool bestaan uit sokker, hardloop, hokkie en soms muurbalwedstryde. Sy hardlooppogram strek oor ses tot sewe dae per week, sommige oggende reeds om 05:30 en dikwels nog 'n tweede sessie in die middag. Met so 'n veeleisende program is selfdisipline ononderhandelbaar. Erik beskryf homself eenvoudig as iemand wat opdaag – ongeag hoe vol sy skedule is.


Terselfdertyd bied sy betrokkenheid in verskeie sportsoorte hom die geleentheid om tyd saam met 'n wye vriendekring deur te bring. Weeksaande en naweke word hoofsaaklik aan akademie gewy, aangesien vrye tyd beperk is. Wanneer daar wel 'n geleentheid vir ontspanning is, speel hy graag gholf. Dit alles met net een arm!

Sy grootste rolmodel is sy broer, Wian, wat in 2024 matriek voltooi het. Erik sê Wian se voortdurende strewe na selfverbetering inspireer hom om dieselfde pad te volg. Sy ouers en familie is sy sterkste ondersteuners en danksy hul eie betrokkenheid by sport, verstaan hulle sy uitdagings en prestasies goed.

Erik laat 'n mens dink aan Walt Disney se woorde: "It's kind of fun to do the impossible." Hy is die toonbeeld van Grey-guts!



Erik du Plooy is 'n voorbeeld vir enige sportman. Foto: Verskaf



Swem
 Sukses in
 die swembad
Bladsy 11

Seuns
 prestee
 ook in sport
 buite skool
Bladsy 10



Lamla: The
 ups and
 downs of
 going viral
Page 10



Football Page 11

Grey Kollege Sekondêr Bloemfontein | Grey College Secondary Bloemfontein | www.greycollegesecundary.com
 E-mail: stabilis.greycollege@gmail.com | Facebook: @stabilis.greycollege | Instagram: stabilis_greycollege
 JAARGANG | VOLUME 60 NO 1 | Julie | July 2026



SPORT



Vertonings bevestig status

Atlete blink uit by SA Skole-kampioenskappe



EMILE AUCAMP

Grey Kollege se atlete het uitstekende prestasies behaal tydens die Suid-Afrikaanse Skole Atletiekkampioenskappe en die skool suksesvol op nasionale vlak verteenwoordig.

Die 0/15-atleet, Wian Bredenkamp, was die uitblinker van die span en het drie medaljes verower. Hy het goue medaljes in die hamergooi en spiesgooi gewen, asook 'n silwermedalje in die diskusgooi. Sy vertonings bevestig sy status as een van die land se voorste jong veldatlete.

Nog 'n goue medalje is deur KG Nghonyama in die 0/15-driesprong verower, waar hy met 'n uitstaande sprong die eerste plek ingeneem het.

Op die baan het Reuben Smit beïndruk met 'n silwermedalje in die 100 m-hekkies. Hy het boonop in die halfeindronde 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord opgestel — 'n besonderse prestasie.

Grey se medalje-oes is verder versterk deur twee bronsmedaljes. Ethan Fourie het derde geëindig in die gewigstoot, terwyl Tiago van Eeden deel was van die span wat brons in die Swedish Medley-aflos verower het.

Verskeie ander Grey-atlete het ook sterk vertonings gelever. Jurgan Nortje het 'n verdienstelike vierde plek in die 800m behaal. Ethan Fourie en Tiago van Eeden het onderskeidelik sesde plekke in die diskusgooi en 100m behaal, terwyl Tiago ook sewende in die 200m geëindig het. In die verspring het Mxolise Dondashe 11de geëindig en Wayne Dijogo 20ste.

Hierdie uitslae getuig van die diepte van talent by Grey Kollege en die toewyding van die atlete en afrigters.

Wian Bredenkamp is die 0/15 Suid-Afrikaanse spiesgooikampioen.

Foto: Brill Murray

PROUD SPONSOR OF GREY COLLEGE CRICKET

